# 16 Augustus 2023 - Lesing 101 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Voorwaardes vir die bereiking van die kindskap van God – 11/2/59

**NO: 7280** Vir elkeen van julle wat **kindskap van God** wil bereik, is die gang oor die aarde beskore, maar nie elkeen van julle bereik dit nie. Want daar is maar min vir wie die gang oor die aarde so suksesvol is, sodat hulle **van hier kan heengaan as ware kinders** wat die Vader kan opneem in Sy ryk. Want daar moet aan voorwaardes voldoen word wat vir die mense wel te verwesenlik sou wees, maar **wat te veel selfoorwinning kos** om deur alle mense ernstig opgeneem te word.

**Die vereiste vir die bereiking van die kindskap van God is 'n lewe in liefde**, wat 'n hoë graad van rypheid tot gevolg het. En tot so 'n werksaamheid in liefde is maar baie min mense bereid. Maar dit is nie iets wat onmoontlik is nie. God vereis nie iets wat vir julle onmoontlik is om te vervul nie.

Maar die kindskap van God verseker die wese van 'n **onmeetlike geluksalige bestaan in die onmiddellike nabyheid van die Vader.**

Wat dit beteken kan nie heeltemal duidelik gemaak word vir julle nie. Maar dit is 'n lot wat die hoogste geluksaligheid beloof aan die wese **wat van 'n “skepsel” van God tot Sy “kind” geword het.**

Dan het God Sy doel bereik wat Hy by die skep van ontelbare geestelike wesens al voorberei het **en wat Hom Self ook onbegrensde geluksaligheid gee.**

Maar om hierdie doel te bereik vereis die vrye wil van elke afsonderlike wese. En daarom sal daar op aarde ook maar selde mense wees wat die doel so ernstig nastreef en geheel in liefde opgaan gedurende hul lewenswandel.

En tog sou elke mens dit kon bereik. Want om in die liefde te lewe is nie so moeilik wanneer die mens maar ernstig sy wil daarvoor sou inspan nie. Maar die liefde moet **vanuit julself** beoefen word, nie berekend nie, want dan is dit geen liefde nie.

Die liefde moet in die hart aangesteek word en nou deur werksaamheid in liefde steeds helderder opvlam. Dan gryp die vuur van die liefde vinnig om haarself heen en gryp alles vas. Anders gesê: Wie eenmaal van binne af gedrewe word om werksaam te wees in liefde, verslap dan ook nooit, omdat elke werk van liefde **'n band is met die ewige Liefde** en hom steeds met nuwe krag sal vervul, wat hy wederom weer kan benut om werksaam te wees in liefde.

Maar die mens is heel vervuld met eieliefde. En solank hy dit nie baasraak nie, dus self oorwin, bly hy steeds by probeer, maar is dit nooit 'n ernstige strewe om die gebooie van die liefde na te kom nie. Maar net om te begin sal oorwinning kos, want 'n liefdevolle mens kan spoedig nie meer bekoor word daardeur wat hy vir homself wil gee nie.

Hy vind sy geluk veel meer in die werksaamheid in liefde vir die naaste, as in die vervulling van sy eie wense en begeertes. En hierdie graad moet bereik word, as die bereiking van die kindskap van God moet volg, **wat slegs suiwer onselfsugtige liefde vra** wat hom later 'n eindelose diepe vreugde sal oplewer, soos wat deur die Vader berei word vir Sy kind wat Hy bo alles liefhet.

Julle sal wel almal God se kinders moet word. Maar die kinders wat dadelik, na die aardse lewe, in die arms van die Vader terugkeer, **sal aanspraak hê op die erfdeel van die Vader.** Hulle sal onmiddellik **Sy liefdeskrag** ontvang en daarom ook regstreeks deur Hom deurstraal word, wat onbeperkte geluksaligheid beteken. **Slegs die gang oor hierdie aarde lewer aan die eens gevalle oergeeste die kindskap van God op**, ofskoon ook die ander siele 'n geluksaligheid te wagte staan in die geestelike ryk, as hulle hulself tot ligwesens op aarde of ook in die hiernamaals gevorm het.

Maar die graad van lig van alle wesens is verskillend en die hoogste graad wat op aarde bereik kan word, is die **graad van die kindskap van God**, wat julle almal moet nastreef en wat julle ook sou kon bereik met 'n goeie wil en 'n innige band met julle God en Skepper Wie julle Vader wil wees.

Want hierdie innige band sal aan julle krag gee om julleself te oorwin. En as julle geheel onselfsugtig geword het, dan sal julle steeds net in liefde werksaam wees. **Julle sal poog om gelukkig te maak** en nie aan julleself nie, maar steeds **net aan jul medemens** dink. En dan sal die graad van liefde verhoog en die teenwoordigheid van God sal vir julle verseker wees, wat daarvoor borg staan dat julle naby aan die Vader is.

**Want die Vader verlang na Sy kinders, vir wie Hy 'n ewige lewe in onbegrensde geluksaligheid wil berei. Amein.**